SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging

Reëls vir die Presidentskietkompetisie en Balkie-aansporingsisteem

Inleiding

Die jaarlikse Presidentskietkompetisie het ten doel om die SAJWV se skut van die jaar te bepaal. 'n Beperkte aantal skuts sal na die kompetisie uitgenooi word op grond van hul prestasie deur die loop van die jaar. Die toppresteerders in hierdie kompetisie sal ook in aanmerking kom vir proewe wat gehou gaan word om 'n span te kies wat die SAJWV tydens internasionale skietkompetisies sal verteenwoordig.

Die Balkie-aansporingsisteem gee aan skuts 'n sigbare erkenning vir goeie skietprestasie. Onderskeid word getref tussen Brons, Silwer en Goue balkies afsonderlik vir beide die skiettabelle. Elke skiettabel sal sy eie kenmerkende balkie-embleem kry. Die BK/UK sal nog oor die finale embleme 'n besluit neem. Vir 2005 word daar ook 'n Platinum balkie ingestel. Hierdie balkie sal slegs tydens die jaarlikse Presidentskietbyeenkoms verwerf kan word.

Die nuwe Balkie-aansporingsisteem vervang nie die bestaande Balkie-aansporingsisteem vir die Prestige tabel en die Jagtersskiettoets nie, maar word bykomend geïmplementeer vir 2005.

Reëls

1. Vir 2005 word die Vlakte Springbokskiettabel en die Bosvelkd Blouwildebeesskiettabel gebruik om te kwalifiseer vir die Presidentskiet. Skuts kan in enige een van die tabelle kwalifiseer.

2. Die behaling van 'n Goue balkie in enige van die twee skiettabelle deur die loop van die jaar is die minimum vereiste waaraan 'n skut moet voldoen om te kwalifiseer vir die Presidentskiet. Indien daar egter meer skuts kwalifiseer as wat op een dag op 'n skietbaan geakkommodeer kan word, sal die afsnypunt op grond van geregistreerde tellings gedoen word.

3. 'n Skut kan tydens enige van sy tak se maandelikse skietdae kwalifiseer vir 'n balkie. Slegs die *eerste* poging in enige of beide van die skiettabelle op 'n betrokkle skietdag mag gebruik word om vir 'n balkie te kwalifiseer. Dit beteken dat 'n skut nie herhaalde pogings op 'n skietdag mag aanwend om sy telling vir 'n kwalifikasie te probeer verbeter nie.

4. Die afsonderlike reëls vir die Vlakte Springbokskiettabel en die Bosveld Blouwildebees-skiettabel is van toepassing by enige kwalifiserende skiet.

5. Die laaste datum waarop tellings geregistreer kan word by die Nasionale Kantoor om in aanmerking te kom vir die Presidentskiet, is op 29 September 2005.

6. Beide die skiettabelle tel uit 270 punte. Om te kwalifiseer vir 'n Brons balkie in enige of beide van die skiettabelle, moet 'n skut minstens 160 punte (59%) behaal.

7. Om vir die silwer balkie in enige of beide van die skiettabelle te kwalifiseer, moet die skut 'n minimum van 190 punte (70%) vir die tabel behaal.

8. Die mininmum punte vir kwalifikasie vir 'n Goue balkie in enige of beide van die twee tabelle, is 220 punte (81%).

9. Die minimum vereiste vir die behaling van die Platinum balkie wat slegs tydens die Presidentskietbyeenkoms verwerf kan word, is 'n totaal van minstens 460 punte (85%) vir die twee tabelle tesame. Verder moet die skut ook minstens 220 punte vir elke tabel afsonderlik behaal.

10. Tydens die Presidentskietbyeenkoms sal daar afsonderlike wenners bepaal word vir die twee skiettabelle. Die skut van die jaar sal bepaal word uit die gesamentlike resultaat van beide tabelle.

Daar sal teen enige skut wat enige van die skiettabelle se reëls verbreek, dissiplinêr opgetree word. So 'n skut kan verban word vir enige toekomstige deelname indien skuldig bevind word